

Israel in Egipte



SABBATMIDDAG

Skrifverwysings vir hierdie week se studie:

Genesis 46, Romeine 10:12 en 13, Genesis 47 en hfst. 48, Handeling 3:25 en 26, Genesis 49, Filippense 2:10, asook Genesis 49:29 tot 50:21.

Geheueteks: “Die Israeliete het hulle in Egipte, in die Gosenstreek, gevestig. Hulle het eiendom daar verkry en hulle getalle het vinnig toegeneem” (*Genesis 47:27, NLV*).

Jakob en Josef se laaste jare saam is aangeteken in Genesis. Ons sien hoe Jakob (Israel) Kanaän verlaat (*Genesis 46*) ten einde hom en sy mense in Egipte te vestig (*Genesis 47*), waar hy dan ook later te sterwe kom (*Gen. 49:29 tot 50:21*). Hoewel Jakob-hulle in Egipte woon, word die Beloofde Land nog steeds in die vooruitsig gestel. Dit is iets wat sterk op die voorgrond tree (*Gen. 50:22-26*).

Sodra Jakob in Egipte aankom, spreek hy ’n seën oor die farao uit (*Gen. 47:7-10*), en vervul sodoende (natuurlik net gedeeltelik!) die belofte aan Abraham om die nasies tot seën te wees (*Gen. 12:3*). Later, kort voor sy heengaan, spreek Jakob ’n seën oor Josef se seuns (*Genesis 48*) asook sy eie seuns uit (*Gen. 49:1-28*). Die patriarg maak ook indrukwekkende voorspellings oor elkeen met betrekking tot hul plek in die toekomstige twaalf stamme van Israel (*Gen. 49:1-27*).

Hier is egter ’n bepaalde spanning: tussen Israel wat as ’n ontheemde en vreemdeling in Egipte woon, enersyds; en die hoop op die Beloofde Land, andersyds. Hoewel Genesis afsluit met Israel se kinders wat in Egipte woon, dui sommige van die dinge wat hy op sy sterfbed sê op ’n ander plek: “Na my dood sal God na julle omsien en Hy sal julle uit hierdie land uit laat trek na die land toe wat Hy met ’n eed beloof het aan Abraham, Isak en Jakob” (*Gen. 50:24, NAB*).

**Bestudeer hierdie week se les as voorbereiding vir abbat, 25 Junie.*

Jakob trek na Josef toe

Lees Genesis 46. Wat beteken dit dat Jakob Kanaän verlaat het?

Wanneer Jakob sy woonplek in Kanaän verlaat, doen hy dit met hoop in sy hart. In Egipte is hulle seker van kos, en dan is daar ook die goeie tyding oor Josef wat leef. Hierdie dinge was seker sterk dryfvere in die uiteindelige besluit om die Beloofde Land te verlaat.

Jakob se vertrek uit Kanaän laat dink ’n mens aan Abraham se eie ervarings in dié verband; hoewel die Beloofde Land Abraham se *bestemming* was, hy laat dit nie agter soos Jakob nie. Jakob ontvang dieselfde belofte by God as wat Abraham ontvang het: “Ek sal jou... ’n groot nasie maak” (*Gen. 46:3, NAB; vgl. Gen. 12:2*). Die oproep wat Jakob hier van God ontvang, herinner ook aan sy verbond met Abraham. Op beide geleenthede gebruik God dieselfde uitdrukking om hulle gerus te stel: “Moenie bevrees wees... nie” (*Gen. 46:3, OAB; vgl. Gen. 15:1*), Hy skenk hulle die belofte van ’n glorieryke toekoms.

Die omvattende lys van Israel se geslag wat saam met hom Egipte toe getrek het – sy seuns en hul seuns, én sy dogters en kleindogters (*Gen. 46:7*) – laat ’n mens dink aan God se belofte aan Abraham dat hy vrugbaar sal wees, en dit toe hy en sy vrou nog kinderloos was. Die getal “sewentig” (v. 27; wat Jakob, Josef en sy twee seuns insluit) dui op ’n soort afronding of voltalligheid. Dit is “Al die siele van die huis van Jakob” wat Egipte toe verhuis het. Wat ook noemenswaardig is, is die feit dat die getal nasies ook sewentig is (*Genesis 10*), wat impliseer dat die lot van al die nasies hier op die spel is.

Hierdie waarheid sou eers millennia later duidelik word: na die kruis, toe die verlossingsplan op ’n omvattender wyse geopenbaar is; ’n verlossing wat natuurlik vir die hele mensdom in alle tydvakke was en is, en nie net vir Abraham se letterlike nageslag bedoel was nie.

Met ander woorde: hoe interessant hierdie verhale aangaande Abraham se geslag en nageslag ook al mag wees, en ten spyte van die geestelike lesse wat daaruit te put is, is hierdie verhale in die Skrif opgeteken omdat hulle deel van die verlossingsgeskiedenis is; deel is van God se plan om soveel as moontlik mense op hierdie gevalle planeet te red.

“Dit maak dus geen verskil of ’n mens ’n Jood of ’n Griek is nie, want dieselfde Here is Here van almal, en Hy seën almal wat Hom aanroep, ryklik, want elkeen wat die Naam van die Here aanroep, sal gered word” (*Rom. 10:12 en 13, NAB*). Wat sê Paulus hier wat die universaliteit van die evangelie aantoon? (“Universaliteit” beteken dat vir die ganse mensdom is.) Meer belangrik, wat sê Paulus hier oor wat ons as ’n kerkgenootskap behoort te doen om die verkondiging van die evangelie aan te help?

Jakob vestig hom in Egipte

Dit is nogal interessant hoedat die Here, ten spyte van die goeie tyding wat Jakob reeds ontvang het – naamlik dat Josef wel leef en in Egipteland woon – nog steeds “in naggestigte” (*Gen. 46:2, OAB*) aan die patriarg verskyn, waarin Hy hom beveel om Egipte toe te trek. Jakob verlaat dus die Beloofde Land om na Egipte – van alle plekke – te verhuis, ’n land wat later ’n verbode plek vir die volk sou wees (*Deut. 17:16*).

Lees Genesis 47. Watter geestelike waarhede en beginsels is in hierdie verhaal te vinde?

“Josef het vyf van sy broers saamgeneem om aan die farao bekend te stel, en om by daardie geleentheid die beloofde grond as woonplek te ontvang. As ’n dankbaarheidsgebaar aan sy [wyse] onderkoning sou Farao waarskynlik die broers as hooggeplaastes in die regering wou aanstel. As ’n getroue aanbiddier van Jehova probeer Josef egter sy broers beskerm teen die versoekings wat hulle aan die hof van ’n heidense heerser sou teëkom. [In aanloop tot die besoek] vermaan hy hulle: moenie, wanneer julle voor die koning verskyn, jul ware beroepe verswyg nie; wees eerlik. Jakob se seuns het ook toe daardie raad gevolg. Hulle het ’n punt daarvan gemaak om onder andere te noem dat hulle gekom het om as vreemdelinge in Egipte te woon, en nie om permanent daar te woon nie. Sodoende sou hulle die reg behou om te vertrek wanneer hulle dit sou verkies. So ontvang hulle toe ’n woonplek, soos Farao belowe het; ‘in die beste deel van die land’ (*Gen. 47:6, OAB*), in die landstreek Gosen” -Ellen G. White, *Patriarchs and Prophets*, bl. 233.

Farao lê ook wysheid aan die dag, en moedig nie dié vreemdelinge tot bedelary aan nie, om bakhand by hul vrygewige gasheer-farao te staan nie. Hy vra wat hul “nering” is (*Gen. 47:3, NAB*) sodat hulle makliker by hul nuwe omgewing kan aanpas. Hy is ook gretig om van hul kundigheid gebruik te maak en sê: “As enigeen van hulle oor besondere vaardighede beskik, laat hulle ook oor my veeboerdery toesig hou” (*Gen. 47:6, NLV*).

Jakob staan hier as ’n vreemdeling en ook ’n ondergeskikte voor die leier van die ganse Egipte. Tog doen hy die volgende: “Jakob het die farao geseën” (*Gen. 47:7, NAB*). Hy, die eenvoudige vreemdeling, spreek ’n seën oor Farao – die leier van die magtige Egiptiese Ryk – uit! Hoe so?

Die werkwoord ‘*amad lipnê*, oftewel “om iemand in ’n ander se teenwoordigheid te bring” (*let op die verskeie vertalings van Gen. 47:7*), word normaalweg in ’n priesterlike konteks gebruik (*Lev. 14:11*). Neem in ag dat die farao’s vanweë hul amp, vanselfsprekend die hoogste priester in Egipte van ouds was. Die feit dat Jakob hier ’n seën oor Farao uitspreek, beteken dat die patriarg in ’n geestelike sin hoër as die hoogste priester van Egipteland – hoër as die farao self – is.

Die Bybel sê dat ons “’n uitverkore volk, ’n koninklike priesterdom, ’n nasie wat vir God afgesonder is, die eiendomsvolk van God [is]” (1 Pet. 2:9, NAB). Wat beteken dit, ongeag jou stand, wanneer dit by die manier kom wat ’n mens ander behandel? Onder watter verpligtinge stel die geloofslewe ’n mens?

Jakob seën Josef se seuns

Met sy naderende sterfbed onthou Jakob sy destydse terugkeer na Bet-El (*Gen. 35:1-15*), toe hy opnuut die belofte van God oor Kanaän ontvang het, die een wat sê: “Dit sal altyd hulle land wees” (*Gen. 48:4, NAB*); dieselfde belofte wat aan Abraham gemaak is (*Gen. 17:8*). Hierdie uitsien na die Beloofde Land bring Jakob dus vertroosting. Dit is ’n hoop wat hy koester te midde van die naderende dood. Met dié vestig die patriarg sy aandag op Josef se twee seuns wat in Egipte gebore is, en spreek ’n seën oor hulle uit. Hy doen dit egter binne die konteks van die toekoms wat aan sy nasate belowe is.

Lees Genesis 48. **Waarom het Jakob hierdie seën oor Josef se twee seuns uitgespreek, en nie oor sy ander kleinseuns nie?**

Josef se twee seuns, Manasse en Efraim, is die enigste kleinseuns wat Jakob geseën het. So word hulle dan van kleinseuns na seuns verhef (*Gen. 48:5*). Hoewel die seëning wat Jakob uitgespreek het, by implikasie, voorrang aan die tweede (Efraim) bo die eerste (Manasse) verleen het, het dit hoofsaaklik met Josef te doen gehad (*Gen. 48:15*).

Hierdie gebeurtenis bied die leser ’n belangrike persoonlike getuienis oor die getrouheid van die Here – in Jakob se verlede, asook die belofte van ’n toekoms vir sy nageslag. Die patriarg verwys na die God van Abraham en Isak (*Gen. 48:15*), wat kos en beskerming aan Jakob-hulle gegee het. Dit is dieselfde God wat “wat my uit elke moontlike gevaar gered het” (*Gen. 48:16, NAB*). Jakob dink ook aan “die God van Bet-El” (*Gen. 31:13, NAB*), met wie hy gestoei het (*Gen. 32:29*) en wat sy naam van Jakob na “Israel” verander het (*Gen. 32:26-29*).

Deur na al hierdie gebeure te verwys, waar God die kwaad in iets goeds omskep het, gee Jakob uiting aan die hoop wat hy het; dat God nie net sy kleinseuns sal bewaar nie, soos Hy vir die patriarg en sy seun Josef gedoen het nie, maar dat die Here dit ook vir sy nageslag in die toekoms sal doen, wanneer hulle na Kanaän terugkeer. Hierdie hoop blyk duidelik uit die verwysing na Sigem (*Gen. 48:22*), wat nie bloot ’n stuk grond is wat hy op ’n dag aangeskaf het nie (*Gen. 33:19*), maar ook die plek is waar Josef se bene uiteindelik begrawe sal word (*Jos. 24:32*) en waar die onderskeie grondgebiede aan die stamme van Israel toegeken sal word (*Jos. 24:1*). Ten spyte van al die terugslae wat hulle tot dusver beleef het hou Jakob die beloftes van die Here voor oë. Die Here het immers belowe dat sy huis en nageslag ’n belangrike instrument sal wees, deur wie “al die volke van die aarde geseën [sal] wees” (*Gen. 12:3, NAB*).

Lees Handeling 3:25 en 26. Hoe was die belofte in Genesis 12:3 volgens Petrus besig om in vervulling te gaan? Hoe het ons, as moderne gelowiges, self ook hierdie seëning ontvang?

Jakob seën sy seuns

Lees Genesis 49:1-28. Wat is die betekenis van Jakob wat hier 'n seën oor sy seuns uitspreek?

Jakob kyk ook verder as die profesieë aangaande die onmiddellike geskiedenis van die stamme van Israel, na die Messias en die groot verlossingshoop. Hierdie hoop bespeur 'n mens reg aan die begin van Jakob se woorde: “aan die einde van die dae” (*Gen. 49:1*), 'n profetiese uitdrukking wat op die koms van die Messiaanse koning dui (*Jes. 2:2, Dan. 10:14*).

Daarna kyk die res van die skrifgedeelte vooruit op elkeen van Jakob se seuns. Hierdie is egter nie elkeen se voorafbepaalde lewenslot nie, asof die dinge wat uiteindelik met elkeen gebeur het God se bedoeling vir daardie persoon was nie. Dit is eerder 'n aanduiding van hulle en hul kinders se karakters, en tot watter tipe gedrag dit sou lei. Die feit dat God, byvoorbeeld, vooruit geweet het dat 'n bepaalde nasaat 'n onskuldige persoon sou doodmaak, kom nie daarop neer dat God dit so wou hê nie.

Lees Genesis 49:8-12. Watter profesie word hier gegee, en waarom is dit so belangrik?

Bokant die menslike sfeer waar ons vrylik wilsbesluite neem, is dit nietemin God wat die toekoms ken, wat dit so beskik het dat die Messias deur Juda sou kom. Juda (*Gen. 49:8-12*), wat as 'n leeu versinnebeeld word (*Gen. 49:9*), dui op koninklikheid en eerbetoning. Juda gaan uiteindelik koning Dawid, maar ook vir Silo, voortbring. Met ander woorde: hy bring die een voort wat *shalom*, oftewel “vrede,” sou bring (*Jes. 9:6, 7*); die een oor wie die Skrif sê: “aan Hom sal die volke gehoorsaam wees” (*Gen. 49:10, OAB*).

Die Jode beskou lank reeds hierdie skrifgedeelte as 'n Messiaanse profesie; met ander woorde, een wat op die komende Messias dui – en Christene sien hierdie teks in dieselfde lig, dat dit vooruitwys op Jesus. “Die heerser aan wie die volke hulle sal onderwerp” (*Gen. 49:10, DB*), wat moontlik 'n voorloper vir die Nuwe-Testamentiese belofte is: “sodat in die Naam van Jesus elkeen wat in die hemel en op die aarde en onder die aarde is, die knie sou buig” (*Fil. 2:10, NAB*).

Soos diepen van inspirasie tereg skryf: “Die leeu, die koning van die diere, is 'n gepaste simbool vir hierdie stam waaruit Dawid gekom het; en ook die Seun van Dawid, Silo, die ware ‘die Leeu uit die Stam van Juda’ [Op. 5:5, NAB], voor wie alle maghebbers hulle uiteindelik sal neerbuig, en aan wie alle nasies eer sal betoon” – EG White, *Patriarchs and Prophets*, bl. 236.

Waarom behoort ons nou reeds hulde aan Jesus te bring, hoewel alle nasies dit nog nie doen nie?

Die hoop op die Beloofde Land

Lees Genesis 49:29 tot 50:21. Watter groot temas oor hoop is hier in die slotgedeelte van Genesis te vinde?

Die slotgedeelte van Genesis bestaan uit drie gebeure en is propvol hoop.

Eerstens is dit die hoop dat Israel na die Beloofde Land sal terugkeer. Moses, die skrywer van Genesis, beskryf beide Jakob en Josef se dood en begrafnis as gebeure wat op die Beloofde Land vooruitwys. Direk na die seënwense wat hy oor sy seuns uitgespreek het, wat ook die profesie oor “al twaalf die stamme van Israel” bevat (*Gen. 49:28*), bepeins Jakob sy naderende dood en sê sy seuns aan om hom in Kanaän te begrawe, in die spelonk van Magpela, waar Sara jare tevore begrawe is (*Gen. 49:29-31*). Die beskrywing van die begrafnisstoet van Egipte na Kanaän word ’n soort skadubeeld van iets wat etlike eeue later sou gebeur: die uittog uit Egipte en reis na die Beloofde Land.

Tweedens het ons hier, aan die einde van Genesis, ook die hoop dat God die kwaad in iets goeds sal omskep. Na Jakob se dood en begrafnis is Josef se broers skielik bekommerd oor die toekoms. Hulle is bang dat Josef hom nou uiteindelik sal wreek. So gaan hulle toe na Josef, en buig voor hom neer, gereed om sy slawe te wees (*Gen. 50:18*); ’n scenario wat sterk aan Josef se drome in sy jeugjare herinner. Hy gee hulle egter die versekering dat hy hom nie gaan wreek nie, en sê vir hulle: “Moenie bang wees nie” (*Gen. 50:19, NAB*). Dit is ’n sinsnede wat op die toekoms dui (*Gen. 15:1*). Hoewel hulle hom destyds wou “kwaad aandoen... het God... daarmee goed [ge] doen” (*Gen. 50:20, NAB*). So het al die gebeure wat op die broers se misdaad gevolg het dan tot redding van Jakob se geslag gelei (*Gen. 50:19-21; vgl. Gen. 45:5, verse 7-9*). Anders gestel: ten spyte van soveel menslike mislukkings seëvier die wil van God steeds.

Derdens is dit die hoop dat God die gevalle mensdom sal red. Die feit dat Jakob se dood in hierdie laaste vers van Genesis vermeld word, gaan oor veel meer as net sy dood. Vreemd genoeg sê Josef nie sy kinders aan om sy oorskot te begrawe nie. Nee, hy sê vir hulle om iets anders te doen: “Wanneer God julle na Kanaän toe teruglei, moet julle my liggaam saam met julle neem” (*Gen. 50:25, NIV*). Hierdie bevel het hulle ook inderdaad, jare later, getrou uitgevoer (*lees Eks. 13:19*). Uiteindelik is die hoop op Kanaän – die Beloofde Land – ’n simbool, ’n skadubeeld, van die groot verlossingshoop; van die herstel van die Goddelike bestel, van ’n nuwe Jerusalem in ’n nuwe hemel en nuwe aarde. Dit is ook die groot hoop vir elkeen van ons, ’n verlossingshoop wat danksy die soendood van Silo ’n sekerheid is.

Lees Openbaring 21:1-4. Hoe verteenwoordig hierdie verse die grootste hoop wat ons kan koester? Gestel ons het nie hierdie belofte nie. Watter hoop het ons dan, behalwe natuurlik vir die dood as ’n afsluiting van ons swaarkry?

Vir verdere studie: Ellen G. White, “Joseph and His Brothers”, *Patriarchs and Prophets*, ble. 233-240.

“Josef se lewensverhaal wys vooruit op die lewe van Christus. Aangevuur deur jaloesie besluit Josef se broers om hom as slaaf te verkoop, in die hoop dat dit hom sou keer om meer sukses as hulle te behaal. So, met Josef wat al verder weg na Egipte gevoer word, dink die broers toe: nou is dit uiteindelik klaarpraat met al Josef se lastige drome, drome wat nou nie meer bewaarheid kan word nie. Die broers het hulle egter lelik misgis. Voor hierdie poging om met die bestemde loop van sake te peuter het die Here egter ’n stokkie gestee, want die einste ding wat hulle wou keer het hulle gehelp om mee te bring. Op ’n soortgelyke wyse was die Joodse priesters en oudstes jaloers op Jesus, bevrees dat die mense belangstelling in hulle sou verloor en eerder na Hom sou luister. So laat hulle Jesus toe kruisig om te keer dat Hy koning word – maar laasgenoemde is net mooi wat hul optrede teweeg gebring het.

“Deur slawerny in Egipte het Josef ’n redder vir sy mense geword. Tog het dit nie sy broers se skuld weggeneem nie. Hoewel Jesus se kruisiging deur sy vyande inderdaad van Hom die Verlosser van die ganse sondige mensdom en ook die Heerser van die hierdie wêreld gemaak het, bly sy moordenaars se misdaad afskuwelik, ten spyte van die feit dat God dit so bestier het dat hierdie dinge tot eer van sy Naam en ten goede van die mensdom meegewerk het.

“Vir geld het Josef se eie broers hom verrai. Christus is ook vir geldelike gewin verrai, uitgelewer deur ’n dissipel aan Sy vyande. Josef is vals beskuldig en in die tronk gestop omdat hy reg opgetree het. Net so is Christus verag en verwerp omdat sy vrome, selfverloënde lewe ’n stille vingerwysing vir sondaars was. Alhoewel Hy nie aan enige misdaad skuldig was nie, is Hy op grond van valse getuienisse ter dood veroordeel. Let ook op Josef se geduld en sagmoedigheid te midde van onregverdigheid en verdrukking; sy gewilligheid om ander te vergewe, sy welwillendheid teenoor sy onnatuurlike broers - ’n toonbeeld van die Verlosser se lankmoedige lyng onder die haat en mishandeling van goddelose mense en Sy vergifnis van, nie slegs Sy moordenaars nie, maar almal wat hulle sondes aan Hom bely en om Sy vergifnis vra” -Ellen G. White, *Patriarchs and Prophets*, ble. 239, 240.

Vrae vir bespreking:

- ① Na Jakob se dood het Josef se broers bevrees geraak dat hy hulle toe in eie munt sou terugbetaal. Wat leer dit ons oor die skuldgevoelens wat hulle steeds met hulle saamgedra het? Wat leer ons uit Josef se reaksie aangaande vergifnis vir die skuldige partye?
- ② Watter ander ooreenkomste bespeur ’n mens in die lewe van Josef en Jesus?
- ③ Dink na oor die volgende: hoewel die Here presies weet wat die toekoms inhou, kan ons steeds besluite neem deur en uit ons vrye keuse. Hoe kan ons hierdie twee idees met mekaar versoen?